higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AANLEG EN TOERUSTING
NKR VLAK 2

(12030052)

9 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

344Q1S2009

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Teken alle sketse met 'n potlood.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: INLEIDING TOT AANLEG EN TOERUSTING

Voltooi die volgende paragraaf oor die Steen-, die Koper en die Bronstydperk deur sleg die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Toe mense geleer het om te boer en diere te (1.1) … teen ongeveer (1.2) …, het hulle permanente nedersettings begin bou. As gevolg hiervan het hulle begin om koper en later brons te (1.3) ... in 'n gebied bekend as die (1.4) ... Hierdie nuwe tegnologie het vinnig deur Asië na Afrika versprei. Dit het mense in staat gestel om beter, sterker gereedskap soos (1.5) ... te maak.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2: WETGEWING EN VEILIGHEIDSREGULASIES

2.1 Verduidelik hoe die volgende probleme 'n bouterrein onveilig kan maak:

2.1.1 Onveilige werkstoestande

2.1.2 Fisiese gevare

2.1.3 Onveilige temperature

2.1.4 Swak of onvoldoende verligting

2.1.5 Onveilige of onvoldoende ventilasie

(5 × 2) (10)

2.2 Noem VYF opskrifte wat in 'n ondersoekverslag behoort voor te kom. (5)

[15]

VRAAG 3: NOODHULP

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Kunsmatige asemhaling is 'n tegniek wat lug verskaf aan iemand wat op sy/haar eie asemhaal.

3.1.2 'n Kind se hartklop behoort 80 tot 100 per minuut te wees.

3.1.3 Swelling en kneusing is nie simptome van 'n geslote fraktuur nie.

3.1.4 Volgens *Aanleg en Toerusting Vlak 2* staan ABC vir lugweg, asemhaling en sirkulasie ('airway, breathing and circulation').

(4 × 1) (4)

3.2 Gee die logiese en progressiewe betekenis van elke H in die afkorting HHH. (3)

3.3 Noem VYF nooddienste wat in geval van 'n ongeluk kan hulp verleen. (5)

3.4 Noem DRIE vrae wat 'n nooddienswerker sal vra om vas te stel of 'n beseerde 'n gesprek kan verstaan. (3)

[15]

VRAAG 4: HANDGEREEDSKAP

4.1 Noem SES kategorieë handgereedskap. (6)

4.2 Noem die kategorie waarin die volgende gereedskap val:

4.2.1 Veerverdeelpasser ('spring bow dividers')

4.2.2 Pleisterplank ('hand hawk')

4.2.3 Klinkpistool ('rivet gun')

4.2.4 Grawe

4.2.5 Hoekmeters ('joint rulers')

4.2.6 Stopverfmes ('putty knife')

(6 × 1) (6)

4.3 Verduidelik hoe presisiegate geboor kan word sonder dat die boor weg beweeg van die gat wat geboor moet word. (7)

4.4 Verduidelik die proses om 'n lem of plat vlak skerp te maak. (10)

4.5 Skryf die afkorting HSS volledig uit. (1)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5: LERE

5.1 Bestudeer die diagram van 'n leer hier onder.



5.1.1 Watter soort leer word in die diagram getoon? (1)

5.1.2 Benoem dele A, B en C. (3)

5.1.3 Is dit veilig om op deel C te staan? (1)

5.2 Noem VYF gevaarlike praktyke wat vermy moet word wanneer 'n mens met lere werk. (5)

[10]

VRAAG 6: BOKKE, STEIERS EN MOBIELE TORINGS

6.1 Noem DRIE gepatenteerde mobiele torings ('proprietary mobile towers'). (3)

6.2 Verduidelik hoe die hoogte van 'n mobiele pyptoring ('tubular mobile tower') se platform gemeet word. (2)

6.3 Noem SES vereiste waaraan toegangslere moet voldoen. (6)

6.4 Noem AGT opleidingsmodules wat die steier-spanleier moet doen. (8)

6.5 Definieer die volgende terme:

6.5.1 Bokwerksoppervlak ('Trestle working platform')

6.5.2 Stootstuk ('Toe board')

6.5.3 Mobiele toring

(3 × 2) (6)

[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou